**PARKSIG**
**Eiendomsagentskap**
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
**1486 — Na-ure 2054**
(Eienaar: G. Schoonhoven)

die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan*
**EDDIE DE BEER**
**Diamantslyper**
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

JAARGANG XVII — VRYDAG 22 JUNIE 1962 — Nr. 7
OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# MASSAVERGADERING VERLOOP STIL

**'n Mosie van algehele goedkeuring en waardering teenoor die regering met die beginsel vervat in die Regswysigingswetsontwerp wat so pas deur die Parlement aangeneem is, is met groot meerderheid van stemme op 'n massavergadering van Pukke aangeneem.**

Op die vergadering, gehou op Dinsdagaand 19 Junie in die Studentesaal, het die studentegemeenskap voorts sy diepste misnoë en teleurstelling uitgespreek teen die gesindheid en insinuasies, in die verband, van sommige Universiteitsstudente van ons land.

'n Ander belangrike agendapunt was die bespreking van 'n mosie wat tot inhoud gehad het dat die massa hom moet uitspreek oor die vraag of persone wat nie geregtig is om kleurbaadjies te dra nie dit wel mag doen ten tye van toere of toernooie. Die mosie is gemotiveer deur mnr. G. P. Aucamp.



Mnr. G. P. Aucamp
Foto: *Fotokuns*

Toe 'n voorstel in dier voege ingedien is, het die massa hom uitdruklik teen die dra van baadjies deur sodanige persone uitgespreek.

### VERKIESING

Nog 'n saak wat op die vergadering ter sprake gekom het was die moontlikheid van 'n veranderde verkiesingstelsel.

Twee alternatiewe veranderinge is aan die massa verduidelik. Die eerste behels dat die hele Studenteraad deur die totale stemgeregtigde massa gekies word en dat die verskillende portefeuljes daarna aan die lede uitgedeel word. Hierdie stelsel word aan die meeste ander universiteite gebruik. Die ander moontlikheid is dat al die stemgeregtigde lede van die vier onderskeie Hoofliggame elkeen hul twee eie verteenwoordigers op die Studenteraad kies.

Geen positiewe besluite is nog in hierdie rigting geneem nie en die aangeleentheid word deur die Studenteraad ondersoek.

### HOEDJIE

Mnr. Dawie du Plessis, konvenor van die kommissie van ondersoek na die aangeleentheid van 'n Puk-hoedjie, het verslag gedoen oor die werksaamhede van sy kommissie. Daar is reeds op 'n model besluit en die hoedjie word tans vervaardig.

Die Massavergadering, die derde van die jaar, is nie so goed bygewoon soos die voriges nie en was ook van veel korter duur.

# Insameling vir ontspanningsaal vorder

**Mnr. C. J. H. van der Walt, Administratiewe Beampte van die Studenteraad, verklaar dat die fondsinsamelingsveldtog vir die ontspanningsaal vinnig vorder. Talle kollektelyste is reeds uitgedeel en die studente werk pragtig saam in hierdie saak.**

Tog kan daar nog baie meer gedoen word om die bou van die ontspanningsaal te bespoedig.

### GRATIS VLIEGRIT

Die aantreklike gratis vliegrit na die Midde-Afrikaanse Federasie wat 'n agt dae lange vakansie aldaar insluit, is die eerste prys wat uitgeloof word vir die persoon wat die meeste geld kollekteer vir hierdie boufonds.

Die Victoria waterval, die Kariba-meer, Salisbury en Bulawayo sal geleentheid hê om wel deeglik kennis te maak met die lewensomstandighede van ons bure benoorde die Limpopo.

Verdere aankondigings oor bykomende pryse in die vorm van benodigdhede vir die toer sal, volgens mnr. Van der Walt, later gedoen word.

Navrae in verband met hierdie heerlike geleentheid om 'n gratis vakansie te bekom, kan verkry word by die Administratiewe Beampte van die Studenteraad gedurende kantoorure.



Foto: *Fotokuns.*

Die president van die A.S.B., mnr. Daan van der Merwe, en ander Hoofbestuurslede tydens die onlangse takbesoek aan die plaaslike A.S.B.-tak In die gewone volgorde verskyn mnrr. Christi Kuun, organiseerder; mnr. Paul de Beer, kulturele aangeleenthede; mnr. Daan van der Merwe; mnr. Koos du Plooy, voorsitter van die plaaslike Studenteraad; mnr. D. A. S. Herbst, voorsitter van die plaaslike A.S.B.

**A.S.B.-kongres.**

# PUK-Afvaardiging het taak op Kongres

**Wanneer die Puk-afvaardiging Maandagaand, 2 Julie, die opening van die A.S.B.-kongres te Stellenbosch bywoon, sal dit die veertiende kongres wees waarheen die P.U. vir C.H.O. 'n afvaardiging stuur.**

**Soos in die verlede sal hierdie afvaardiging beskik oor 'n ope mandaat onderworpe aan die beginsel en karakter van die P.U. vir C.H.O.**

Sedert die stigting van die Afrikaanse Studentebond in 1948 het die P.U. altyd 'n kragdadige aandeel gehad in die organisasie en werksaamhede van hierdie liggaam wat gestig is met die oog op die konsolidering en sluiting van Afrikaanse geledere op interuniversitêre terrein. Hierdie inrigting het dan ook steeds geveg vir die handhawing van ons Christelike beginsels binne die geledere van die Afrikaanse Studentebond en die uitlewing daarvan na buite.

### PRESIDENTE

In die dertien jaar van sy bestaan, het vyf presidente van die A.S.B. uit die P.U.-afvaardigings gekom, te wete mnre. (nou ds.) Jan van der Walt (1949-1950), (nou ds.) Willem de Klerk (1950-1952), Jan Potgieter (1953-1954), Johan van der Vyver (1957-1959) en Hennie van der Walt (1960-1961).

Uit die dertien dienstermyne van die hoofbestuur is hierdie bestuur in sewe daarvan dus gelei deur Pukke (ds. de Klerk en mnr. van der Vyver het elkeen twee termyne as president gedien)

Vanjaar bestaan die moontlikheid dat mnr. D. A. S. Herbst, tans direkteur van rasseaangeleenthede op die hoofbestuur, in die voetspore van hierdie groot name kan volg.

Ander lede van die Afvaardiging wat sterk aanspraakmakers op hoofbestuursposte is, is mnre. Idyll van der Walt en Paul Kruger. Mnr. van der Walt het vroeër reeds op die hoofbestuur gedien.

Met *Die Kultuursituasie van ons Tyd* onder die soeklig, sal dit die taak van hierdie afvaardiging wees om die beginsels te beklemtoon waarop die Afrikanerstudent sy kultuurtaak moet grondves. Die referent van die P.U., mnr. Herbst, lei dan ook die onderwerp DIE A.S.B. EN SY TAAK IN DIE HUIDIGE KULTUURSITUASIE in.

### ONTSPAN OOK

Soos uit vroeëre berigte in DIE WAPAD blyk, sal heelwat referate gelewer word en ernstige besprekings sal gevoer word deur die Afrikaanse studenteleiers dwarsdeur ons land. Tog sal die reëlingskomitee van Stellenbosch ook sorg vir ontspanning met 'n uitstappie om die Skiereiland, terwyl die tradisionele dinee, aangebied deur *Rembrandt, Volkskas* en *Sanlam* in die Stellenbosse stadsaal plaasvind.


### KUNSFEES

Na afsluiting van die kongres, sal die wenners van kunsfeesitems 'n verskeidenheidskonsert aanbied in die Belville Burgersentrum. Die hoop word uitgespreek dat hierdie puik uitvoering wat altyd 'n hoogtepunt in die kongresweek is, deur die toedoen van die Direkteur vir Kulturele aangeleenthede, mnr. Paul de Beer, ook later in Transvaal aangebied sal word.



Ds. W. J. de Klerk

# ONS NATUUR: DIE LAMMERVANGER




## *Hierdie 1961 Foto's*

## *is nie so goed nie!*

## *waarom nie?*



omdat ons sedert 1961 'n nog betere kwaliteit kan aanbied. Ons fotografeer u in 3 tot 5 verskillende posisies en elkeen daarvan het ons persoonlike aandag.



**U moet nie kanse vat nie!**
**Daarom:**
**Bespreek nou by:**

# FOTOKUNS

Potchefstroom — Tomstraat 82
Foon 3185

# Toere laat oë weer vonkel

**Die maande Junie en Julie laat talle oë skitterblink by die gedagte aan toere wat in die vooruitsig is. Ten spyte van toetse en ander kwellinge, word pligsgetrou geoefen en na mate die finale afronding voltooi word, word die toergees aangeblaas.**

Enige oud-toerlid van een van die Puk se twee toerende liggame sal kan bevestig dat dit een van die hoogste hoogtepunte is in die studentelewe van enige Puk-student.

Vanjaar staan die toere onder die bekwame leiding van mnr. Johann Pepler (Thalia) en Naas Raubenheimer (Alabama).

## NOORDWES-KAAP

Die Thalia Toneelvereniging, wat vanjaar sy twaalfde toer onder hierdie naam onderneem, vaar Noordwes-Kaapland binne met Gerhard Beukes se *Die Vonkel in haar oë.*

Die feit dat Thalia vanjaar vir die eerste keer in agt jaar van 'n Afrikaanse skrywer se werk gebruikmaak, word bestempel as 'n stap van vooruitgang, hoewel dit ook probleme opgelewer het daarin dat plaaslike toneelorganisasies op plekke wat gedurende die toer besoek word, ook besluit het om dieselfde stuk vanjaar op die planke te bring. Mnr. Pepler verseker ons egter dat dit struikelblokke is wat geen versperring op die weg van hierdie lewendige onderliggaam van die Studenteraad lê nie.

## BELOWENDE SPELERS

Belowende spelers soos Lydia Strydom, Gregoire Aucamp en Arrie de Beer behoort reg te laat geskied aan hierdie bekende Afrikaanse dramaskrywer en die gehore van die Noordweste kan verseker wees van aangename konsertaande en hoë gehalte kuns wat gelewer sal word.



Johan Pepler
Foto: *Fotokuns*

So 'n toer het altyd sy ligtere sy ook, en Faan Oosthuizen van Gatland-faam behoort die Thaliatoerlede wat moeg getoer is of na Ma of Meisie verlang baie gou al hulle probleme te laat vergeet!

Mev. de Beer is reismoeder van Thalia terwyl mnr. Paul Buys sal optree as verteenwoordiger van die Raad en die Studenteraad.

## TOERPLAN

Die volgende plekke sal deur Thalia besoek word: Krugersdorp, Rustenburg, Thabazimbi, Koster, Groot Marico, Zeerust, Mafeking, Lichtenburg, Sannieshof, Warrenton, Hartswater, Taungs, Ganspan, Vryburg, Kuruman, Olifantshoek, Lohatla, Postmasburg, Daniëlskuil en Kimberley.

## SUIDWES-AFRIKA

Die Alabama besoek vanjaar weer een van die aangenaamste toergebiede uit die oogpunt van die toerlid beskou. Suidwes-Afrika met sy wisselende landskapstonele, gasvrye mense en talle besienswaardighede bly steeds 'n groot aantrekkingskrag vir enige toerende organisasie.



Naas Raubenheimer
Foto: *Fotokuns*

Die Alabama, wat reeds sedert 1943 toere onderneem, en uit die aard van sy karakter steeds probeer tredhou met dit wat eie is aan die Afrikaner op die gebied van ligte musiek, slaan vanjaar die rigting in van 'n Afrikaanse operette.

Aanvanklik die Alabama Boereorkes met 'n magdom orkeslede wat die hele verhoog toestaan, en later die Alabama Studenteorkes met 'n verskeidenheidsprogram wat van ligte konsertinamusiek tot klaviersolos van Bach en Beethoven ingesluit het, het die Alabama verlede jaar in 'n bepaalde rigting begin werk met die musiekblyspel *Deur Vier Wêrelddele*, geskryf deur mnr. Nesco du Toit, self 'n oud-Alabama-lid. Hierdie rigting word vanjaar sterker gevorm met die aanbieding van die operette *Aggenee Bettie!*

## BEWUS VAN EIE

Mnr. du Toit stel hom ten doel om die jeug van ons volk bewus te maak van die Afrikaner se eie kultuur, veral ten opsigte van ons eie volksmusiek. Met sy operette *Aggenee Bettie*, slaag hy uitmuntend daarin om die Afrikaanse volkseie as vore te laat kom en hierdie pragwerk behoort groot byval te vind by die musiekbewuste gehore van Suidwes-Afrika.

Die hoofrolle word vertolk deur Riekie Smit, Jan Boneschans, met newerolle deur Susan Sshutte, Heine de Wet, Hettie Oosthuizen, Marnus Roothman, Carl Welman en Wilkie Pretorius.

## VERMAAKLIK

Die soet sang van Riekie Smit en Hettie Oosthuizen sal so reg in die smaak van die Suidwesters val, terwyl Jan Boneschans, benewens sy goeie sangstem, ook as gebore komediant vir goeie vermaak en prikkeling van die lagspiere verantwoordelik behoort te wees.

Mej. Alta de Kock tree op as reismoeder, terwyl Jan Boneschans beide die rol van Raadsen Studenteraadsverteenwoordiger sal vul.



Arrie de Beer
Foto: *Fotokuns*

## REISPLAN

Alabama sal hulle operette op die volgende plekke op die planke bring:
Christiana, De Aar, Upington, Windhoek, Grootfontein, Outjo, Tsumeb, Otjiwarongo, Swakopmund, Walvisbaai, Usakos, Okahandja, Gobabis, Keetmanshoop, Mariental, Luderitz en Karasburg.

Die redaksie wil albei toergroepe 'n aangename en suksesvolle toer toewens.



Jan Boneschans

## SKAAKKLUB

Hoewel die Skaakklub baie minder in ledegetal is as meeste ander klubs aan die universiteit wat hoofsaaklik te wyte is daaraan dat meeste studente skaakliefhebbers is bloot vir die plesier wat dit op 'n vrye aand bied, eerder as om daarvan 'n gedissiplineerde spel te maak — is hulle nie daarom minder aktief nie.

In botsings met Pote en Boy's High het die Pukke telkens as oorwinnaars uitgetree.

'n Geslaagde interkoshuisskaakkompetisie is op 12 Junie gehou waarin Heimat, Over-de-Voor en Uitspan deurgedring het tot die semifinaal. Soos gewoonlik sal die Skaakklub die universiteit weer verteenwoordig op die A.S.B.-kongres in Stellenbosch. Ons wens die span alle sukses toe!

# Droomvakansie oorsee

**Die A.S.B. bied vanjaar weer 'n besondere oorsese toer vir studente aan — 'n toer wat seer sekerlik die hoogtepunt van enige student se studiejare sal wees.**

Op Vrydagmiddag 7 Desember vertrek die groep uit Kaapstad met die luukse Pendennis Castle en die toer begin dus met 'n heerlike veertiendaagse vakansie in 'n drywende hotel.

Na aankoms in Engeland word London, Oxford, Windsor en Eton besoek waar die studente van sonnige Suid-Afrika waarskynlik 'n „White Christmas" sal deurbring. Vandaar is dit oor die kanaal na Frankryk waar name soos Parys, Versailles en Fontainebleau werklikheid word.

Switserland se sneeubedekte berge is die volgende op die program en onder meer gaan die groep met die Jungfrauspoor tot by die hoogste spoorstasie in die Alpe bokant Europa se grootste gletser. Daarna — Italië waar die wonders van Rome, Milaan, die romantiese eiland Capri, die gondels van Venesië, Florence 'n pragtige ervaring inhou. Arrivederai Roma en dan drie dae op die Oostenrykse sneeu om te ontspan met Wintersport.

Die toer gaan voort na „Alt Heidelberg, du feine", die studentedorp van Duitsland en vandaar is dit deur Luxemburg en die Hollandse tulpe terug na London, waar die Windsor Castle wag. Verlaas nog 'n paar fotos en aandenkings op LasPalmas en dan — Tafelberg op 14 Februarie.



Hermien le Roux
Foto: *Fotokuns*

Vervoer in Europa geskied per luukse motorbusse, die groep gaan tuis in hotelle en 'n courier van die Toermaatskappy vergesel die toer om te dien as tolk en gids.

Diegene wat verkies om per lug te reis, kan dit doen teen betaling van die verskil in prys. Lenings is beskikbaar vir die volle bedrag terugbetaalbaar in paaiemente.

Almal wat belangstel kan besonderhede verkry van Mnr. J. T. Delport, Direkteur van Toere, Dagbreek, Stellenbosch, of by: mej. Hermien le Roux, De Klerkhuis, P.U. vir C.H.O.




Foto: *Fotokuns*

Die Thalia Toergroep wat Noordwes-Kaap aandurf gedurende die Julievakansie.

**Wes-Transvaalse**

**SPORT-WINKEL**

Kerkstraat 85

enigste verskaffer van

Offisiële Kleure

**SUPERETTE**

**Tomstraat 100**
**Potchefstroom**

Gerieflike en moderne selfbediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE,
KOMBUISBENODIGDHEDE
en
GROENTE teen laer pryse.

**Fleurette Bloemiste**

Sleep in by:
*Fleurette vir julle blomme*
*Spesiale afslag.*
Kerkstraat 143 — Telefoon 709

**AJAX**
**Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.**
Telefoon 3458
Posbus 43
Kerkstraat 159, Potchefstroom

**Lucille**
die deftigste
DAMESWINKEL
in die dorp.

**Onthou 3091**
Skakel hierdie nommer vir
**diens!**

**DIE BULT APTEEK**

**Tomstraat 86**

Ons spesialiseer in:

★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate.

★ Egte Franse DANA PARFUUM, en

★ Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

*„Die Wapad" word gedruk deur Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom vir die uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.*

die Wapad

# Wat is Gereformeerd?

Die term *Christelike Universiteit* en *gereformeerde* beginsels (in die algemene sin van die woord) kom weer ter sprake in die briefwisseling tussen mnrr. Potgieter, De Villiers, en andere in die vorige WAPAD of twee.

'n Christelike Universiteit is 'n inrigting vir hoër onderwys op 'n Christelike grondslag. Sy doseerwerk, sy navorsingswerk, sy opleidingswerk, sy studentelewe geskied op grondslag van die Christelike lewens- en wêreldbeskouing.

Hierdie Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing aanvaar een formele grondbeginsel, wat ook die grondbeginsel van die *Reformasie* is, dus die grondbeginsel van alle *gereformeerdes.* Hierdie beginsel is die *goddelike, onfeilbare gesag van die Heilige Skrif.*

Iemand wat hierdie beginsel onderskryf en as sy lewensbeginsel aanvaar en handhaaf, is 'n *gereformeerde*, al behoort hy ook aan watter kerk. Hy staan onder die lig van God se Woord. Dit is vir hom finaal.

In ons land kan ons verskeie groepe onderskei wat almal in wese nog *Christelik* wil wees — selfs die Afrikaanse Liberalis (wat iets anders is as die Britse liberalisme). Maar omdat hy Christelik *wil wees,* is dit nog nie te sê dat hy die *gereformeerde* beginsel ten grondslag het nie. Lidmate van die Gereformeerde kerk kan dalk self nie hierdie beginsel ken en onderskryf nie terwyl lidmate van ander kerke in die volste sin van die woord *gereformeerdes* kan wees.

'n *Gereformeerde* word nie deur sy kerk bepaal nie, maar deur sy Godsvertroue en deur sy geloof in die goddelike belofte van 'n nuwe bedeling, vervat in die soendood van Jesus Christus, onse Here.

# Taak van die A.S.B.

In 'n berig op die voorblad word gestel dat die Puk-afgevaardiging na die A.S.B.-kongres ten taak het om te waak oor die Christelike beginsels wat deur die A.S.B. uitgedra word.

Daarmee word geensins bedoel dat dit die taak van die Puk-afvaardiging *alleen* is nie. Sekerlik is dit die taak van elke afgevaardigde, watter sentrum hy ookal verteenwoordig.

Wat bedoel word is dat dit die belangrikste taak van die Puk-afvaardiging (en elke ander afvaardiging) is. Daarom ontvang hy 'n ope mandaat *begrens deur die gees en rigting van ons Universiteit.*

Die grondslag van die A.S.B. is Christelik-Nasionaal, soos beliggaam in die Afrikaanse volkstradisie.

Die A.S.B., ook soos wat hy nou saamgevoeg sal wees in 'n kongres, sal dus in al sy handel en denke moet bely dat daar 'n Almagtige Soewereine God is. Hy is die Skepper van alles en die Absolute Wetgewer in Sy Skepping. Die A.S.B. onderwerp hom dus in al die besprekings en in elke besluit op die komende kongres (en in sy daaglikse werk) aan die gesag van die Woord van God wat aan ons in die Bybel geopenbaar word.

In elke individuele lid bly die A.S.B. getrou aan sy roeping wat op hierdie grondslag gebou is. Daarom is dit die taak van elke individuele afgevaardigde, nee, elke individuele A.S.B.-lid om hierdie grondslag te ken en dit sy eie grondslag te maak, sy eie lewens- en wêreldbeskouing.

Daarin is die behoeu en voortbestaan van die Afrikaanse Studentebond geleë.

**REDAKSIE:**

| | |
|---|---|
| Hoofredakteur | Idyll van der Walt. |
| Assistentredakteur | Leon Croesêr. |
| Tegniese redakteur | Marius Aucamp. |
| Interuniversitêre redakteur | Frikkie van Deventer. |
| Nuusredakteur | Fanie du Plessis. |
| Sportredakteur | Tonie Richards. |
| Variaredakteur | Johan Serfontein. |
| Variaredaktrise | Francoise Coetzee. |
| Kunsredaktrise | Trudi Gey van Pittius. |
| Sekretaresse | Margaretha Bingle. |



**Dit is die snit wat tel...**
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies

**J. TOD SUTTIE**
**Die Mansuitrusters**
Posbus 219 — Foon 1
Potchefstroom

In U Lig

# Benodig: Liefde

*Johannes 21 : 15—17: „Simon, seun van Jona, het jy My lief?"*

Jesus staan hier by 'n gevalle dissipel! Tot driemaal toe het Petrus Hom verloën. Tot driemaal toe het hy gesê: ek *ken* Hom nie. Maar nou word hy weer in sy amp herstel. Hy hoor weer die woorde uit Jesus se mond: „laat My lammers wei . . Pas My skape op . . . Laat My skape wei."

*Liefde word gevra.*

Dit trek ons aandag dat Jesus by die geleentheid van Petrus se herbevestiging in die amp 'n deurtastende ondersoek instel- en wel na Petrus se liefde vir Hom. Tot drie keer toe vra Hy daarna, en elke keer dring Hy met Sy vraag dieper in.

„Simon, seun van Jona, het jy My lief, meer as hulle hier?" Met hierdie eerste vraag stel Jesus Petrus op die proef. Petrus was nog altyd die voortvarende: „Al sal *almal* ook aanstoot neem aan U, *ek* sal nooit aanstoot neem nie." Maar hoe weinig het Petrus homself geken! En daarom vra Jesus hierdie vraag, daarom wil Hy weet: „Sê jy nog Petrus, meer as hulle hier?" Dit is nie dieselfde Petrus wat antwoord nie. Petrus is tot nederigheid gedwing. Maar hoewel daar by Petrus geen hoë roemtaal meer is nie — liefde tot Jesus is daar wel in sy hart, innige liefde in die fel-bewoë Petrus-hart. Daarom antwoord hy: „Ja, Here, U weet dat ek U liefhet."

Hiermee is die ondersoek egter nie afgehandel nie. Vir die tweede keer vra Jesus dieselfde vraag. Tog is dit nie heeltemal dieselfde nie: „Simon, seun van Jona, het jy My lief." Petrus word voor 'n ernstige selfondersoek geplaas. Dit gaan nou daaroor of Petrus wel *liefhet.* Maar Petrus hou vol met sy belydenis: „Ja, Here, U weet dat ek U liefhet."

Nog is Jesus nie tevrede nie. Vir die derde maal vra Jesus die vraag en — ook nou weer is dit anders. Jesus het tot hiertoe 'n woord gebruik wat vertaal is met: „waarlik lief te hê". Petrus het egter nog steeds hierdie woord nie aangedurf nie, maar 'n ander woord gebruik, 'n woord wat minder is. Hierdie woord word weergegee met die blote „lief te hê". Nou egter — as Jesus die derde keer sy vraag stel — gryp Hy skielik na hierdie woord van Petrus en plaas 'n vraagteken daaragter. Het jy My werklik lief, Petrus — selfs só lief soos jy in jou nederige skroom beweer? En Petrus het bedroef geword omdat Jesus skynbaar sy woorde in twyfel trek. Met 'n kragtige woord bely hy dan: „Here, U weet alles, U weet dat ek U liefhet!"

Eers nou is die ondersoek afgeloop. Jesus is tevrede. Die liefde van Petrus staan voor die oë van die wêreld afgeteken in helder kleure. Op grond van hierdie liefde stel Jesus hom nou weer in sy amp.

Jesus vra van Petrus liefde tot Hom, en op grond van hierdie liefde tot Hom herstel Hy Petrus in sy amp — 'n amp wat voorgestel word onder die beeld van 'n herder wat laat wei, wat voed, versterk, 'n herder wat ook waak teen gevare wat dreig. Hoe anders sal hy *hierin* getrou wees, as hy nie gedring word deur liefde nie. Trouens: hoe sal hy ook die behoeftes ken as hy nie liefhet nie: alleen die liefde weet wat nodig is, alleen die liefde weet hoe om dit te gee. *En:* wie sal die *gemeente* liefhê as hy *Jesus* nie liefhet nie — Hy, die Hoof van die gemeente.

*Ook ons het 'n roeping.*

Nie alleen aan Petrus en sy mede-apostels is die sorg vir die kudde opgedra nie, en dit is ook nie beperk tot die ampsdraers in die gemeente nie. Elkeen het 'n taak, 'n heerlike taak as gelowige teenoor gelowige en as gelowiges in 'n ongelowige wêreld. Gelowiges, ons word geroep!

Maar dit moet ons weet dat ons ons taak nie sal *kan* volbring nie, ja dat ons dit geheel en al nie *sal* volbring nie — as ons nie gedring word deur die liefde tot Jesus nie.

Liefde tot Christus Jesus! Maar wie sal dan nie liefhê die hande wat hom seën nie: deurboorde hande, deurboor ook vir u en vir my. Liefhê, soos Simon Petrus liefgehad het, die Here wat *hom* vergewe het.

Per slot van rekening bly dit egter God self wat alle dinge gee — ook die liefde vir Hom. Hy is dit wat die liefde gegee het in die hart van Simon, die seun van Jona — seun van 'n sondaar, wat uit homself tot niks anders in staat is nie as om te haat.

Laat dit dan die onderwerp van ons gebed wees!

M. P. Kruger.

**U het volop keuse in ons groot verskeidenheid**

**Boeke vir Studie en vir Ontspanning**

**PRO REGE-PERS BEPERK**

„Die Potchefstroomse Boekhandel"

**Kerkstraat 91—95** **Telefoon 1164 & 497**
**Borcherdstraat** **Telefoon 3431**

**POTCHEFSTROOM**



'n Tiepies Hollandse Kleredrag op die eiland Walcheren

'N INDRUK UIT EUROPA

# Hulle woeker met Talente

Toe u redakteur my vra om 'n artikel oor my Europese sakereis en in die besonder oor die jeug- en studentelewe daar te skryf, het hy my in 'n moeilike parket geplaas. Uiteraard moes ek my in die buiteland by my sake en by die waarneming van die tegniese ontwikkeling in ons vak bepaal, en was ek nie in die geleentheid om noukeurig kennis te neem van alles wat die jeug aangaan nie. Bowendien is daar van u dosente wat hieroor met meer gesag en insig kan skryf.

Tog wil ek nie nalaat om aan die versoek te voldoen en om u 'n paar van my indrukke te gee nie.

Die eerste en laaste indruk wat mens by jou verblyf in die ou stamlande kry, is dié van 'n bynes. Die ontwikkelings volg mekaar daar in 'n verbysterende tempo op. Daar is 'n gewoel en gewerskaf op alle terreine, nuwe idees word uitgebroei, na die voltooi van 'n studie word onmiddellik 'n ander aangepak, dinge word uitgepluis en raak verouderd . . . Niemand kan presies sê waarheen dit alles lei nie, en in al daardie drukte kry mens ook skaars kans om daaroor te peins. Tog gaan alles „volgens plan", volgens groot internasionale planne, na diepgaande ekonomiese studie en in deurdagte ondernemings. Die Europeër van vandag haal diep asem. Hy het oë te min om van alles wat om hom aangaan, kennis te neem. Dit is 'n pakhuis vol Fauste. U vra my dan hoe die jeug in Europa is.

Aanvanklik sou mens sê dat hy in hierdie stroomversnellings gevaar loop om geestelik te vervlak, om te veramerikaniseer. Hy is eintlik nie meer Duitser of Nederlander nie, maar Europeaan. Die meestes is veeltalig — moét dit wees — en interesseer hulle dikwels meer vir bv. 'n nuwe druktegniek en algemene ontwikkeling as vir dinge wat ons vroeër as „lewensverdiepend" beskou het. Dit is waar dat daar 'n neiging tot snobisme by party is. Maar tog moet ek eerlik sê dat dieselfde vervlakking by ons in 'n nie mindere mate voorkom nie, al is die oorsake daarvan dalk anders. Ek het die voorreg gehad om voor jeuggeselskappe lesings oor die Republiek en sy vraagstukke te hou. Die opkoms en belangstelling was sonder uitsondering verbasend groot, daar was minder bevooroordeeldheid as wat ek verwag het, en die vrae wat aan my by sulke geleenthede gestel is, het deurgaans van gesonde belangstelling getuig. Daar was wel 'n ander houding by die jeug as wat ek gewoond was. Die neiging is meestal om alles in die raamwerk van ontwikkeling en beplanning te sien, terwyl ons dinge vroeër liewer sê maar struktureel en prinsipieel beskou het. Die onderlinge omgang, veral tussen seuns en dogters, is losser en natuurliker. Mens sou kon sê dat die dinkwyse pragmaties geword het, maar tog is dit nie waar nie. Daar is beslis 'n groter gevoel vir *opdrag*, vir iets-doen as vir oor-dink en peins. Ek is nie 'n sosioloog of selfs 'n wonderlike mensekenner nie. Ek wil my nie waag aan beskouings oor „koëxistensie", „daad-Christendom" en internasionalisme nie, maar net wys op 'n paar dinge by die Europese jeug waar *ons* iets aan het.

In byhok Wes-Europa is 'n aktiwiteit wat ons nie net verbaas nie, maar wat ons ook moet inspireer. Inderdaad is dit waar dat party daar tot werken-wees gedwing word vanweë die bevolkingsdigtheid en onderlinge aansporing. Sodoende word daar aan elke vakman, student, ja aan elke burger hoë eise gestel in sy lewensvervulling. Daar is onnoemlik veel opleidingsinstitute vir vakbekwaamheid, aandskole, Saterdagkursusse, volksuniversiteite waarop so te sê janrap sy parate kennis opdoen nèt om behoorlik sy dagwerk te kan verrig. Die mense wat ek in die trein in slapbandboeke (o nee, glad nie almal Braam le Roux-stories nie!) sien lees het, jongmense wat gou-gou hulle laaste lesse deurneem (nie almal hoërskoolkinders nie, maar ook ambagseuns) en omies wat met my 'n gesprek oor spanninge in die Verre Ooste of so wou aanknoop — hulle was vir my mense waaraan ek en u 'n voorbeeld moet neem: getuies van die Europese gees wat by so baie van ons uitgeblus is. Ons lewe graag en lekker, sonder van die lewe 'n roeping en 'n kuns te maak. Ek sê nie dat al my medereisigers in Europa kultuurpilare of loslopende ensiklopedie-dele was nie, maar hulle is geleer dat die lewe uit hoër dinge bestaan as uit pyprook en koffiedrink. Dit is 'n indruk wat ek by elke reis moes bevestig . . . en ek praat nog nie eers van die besonder groot prestasievermoëns wat ek in bedrywe sien ontplooi het nie.

Soos ek al gesê het, dra ek bedroefd min kennis van die studentelewe in Europa. In aansluiting op wat ek in drukkerye gesien het, kan ek miskien u aandag vestig op die vraagstuk van spesialisasie wat sowel in die bedryfs- as in die akademiese wêreld opgeld doen. Dit is trouens ook by ons nie onbekend nie. Ek wil nie eintlik wys op die gevaar van ontpersoonliking in daardie verband nie, as wel op die reorganisasie op onderwysgebied. Daar is nou vergevorderde planne vir die instelling van 'n baccalaureaat soos ons dit ken en vir meer interfakultêre samewerking. Dit sal altyd interessant wees, meneer die redakteur, as u 'n opvoedkundige vra om hieroor in u blad te skryf. Tog wil ek graag sê dat die nadruk by daardie planne gelê word op die persoonlikheidsvorming van die student, nie soseer by wyse van koshuiservaring of sport-gees nie, maar op *wetenskaplike* basis: dat die bande tussen die wetenskappe *via* die mens gelê word. Dit lyk my noodsaaklik dat ons van daardie ontwikkelings behoorlik kennis sal neem.

Natuurlik het ek allermins uit die Europese hemel na die Suid-Afrikaanse onderwêreld teruggekeer. Daar was baie dinge wat my laat frons het, veral dinge in ons Gereformeerde partypolitiek in Nederland. Daardie teleurstellings wil ek nie ontveins nie. Daar is geestelike waardes wat dreig om verontagsaam te word.

Maar ek wou u kolomme nie daarmee vul nie, omdat dit nie vir u in die eerste plek van belang is nie. Ek wou hierdie ruimte gebruik om u aan te spoor om te volhard in — ek het geen beter woord daarvoor nie — kliptharde werksaamheid. Ek wou u opmerksaam maak nie op iets wat ek sommer uit Europa importeer en vir u wil opdring nie, maar op iets in die Europese gees wat u dalk vergeet het, op *plig in pleks van lekker lewe*. En u wat wandel in Sy Lig, u wéét dat dit vir u nie 'n gees van mense is nie maar 'n heilige opdrag. In pleks van hierdie artikel kon ek u miskien beter die gelykenis van die talente oorvertel het. Dit sy so, meneer die redakteur.

S. van der Spoel Snr.

# RUS OP ONS LOUERE?

In 'n uitgawe van „Die Perdeby" vra die redakteur die vraag: „Wat skeel U.P.?" en dan begin hy met die volgende aanhaling: „Die man wat sy deelname weier, is die man wat sy nasie vermoor." Hy gaan dan voort en omskryf die veld van deelname. Hy noem die studentelewe en breëre universiteits-aangeleenthede maar verwys veral na die deelname in landsake.


Die vraag wat hy stel is: „Wat doen Tukkies?" en hy beantwoord dit met: „Ons sit handjie gevou tevrede. Ons studeer, sal ander sê; die Wetenskap is verhewe bo die politiek, sal 'n ander groep sê. Wat 'n belaglike gedagte."

Hy wys ook daarop dat die Engelstalige universiteite en by name Wits en Natal gedurig besig is om onomwonde te wys waar hulle staan. Sy oproep tot Tukkies is baie sterk as hy sê: „Daarom laat ons aandeel in die stryd vir blanke Suid-Afrika, die behoud van die Christelike beskawing, die stryd teen kommunisme die grootste wees. Kom laat ons soos een man sê ons is die jeug, ons aanvaar die uitdaging wat aan ons gerig is, en ons sal die oorwinning behaal."

Na aanleiding van hierdie berig vra „Die Matie": „Wat kan Matieland by hierdie oproep baat?"

Nou het die vraag ontstaan, ook veral na die treffende woorde van mnr. Daan van der Merwe toe hy ons toegespreek het op 'n programvergadering van die A.S.B.-tak, „Rus die Afrikaanse student nie te veel op die louere wat deur vorige geslagte bereik is nie?"

Ook die Pukke moet nie hierdie boodskap wat vanaf „Die Perdeby" uitgaan ligtelik opneem nie. Besin u ook eers oor hierdie saak.



„VLAANDEREN O WELIG LAND"

Nêrens het Suid-Afrika so baie vriende as in hierdie land nie.

LEES ELKE WEEK . . .

Potchefstroom HERALD

★ Volledige plaaslike nuus
★ Sportverslae
★ Universiteitsnuus
★ FLIEKNUUS

ORAL VERKRYGBAAR

# Die gevaar van Negativisme

**Geagte Redakteur,**

**In die brief van mnr. F. A. de Villiers van 13 Junie 1. 1. is 'n saak vervat wat die afgelope tyd studentegemoedere gaande gemaak het. Dit is 'n saak wat vredeshalwe dikwels verswyg is, maar dikwels weer na vore gebring word deur gegriefde persone wat die heersende stelsel negatief benader en dan in 'n negatiewe gees alles verdoem en veroordeel sonder om in volwassendheid die positiewe aspek van die bestaande orde raak te sien.**

Dit veronderstel hoegenaamd nie dat hierdie brief teen hervorming is nie — inderdaad dit is juis vir hervorming. Hervorming was en is nog altyd nodig, maar dan moet dit positief op beginselgrondslag berus en nie negatief op veralgemening en groepsbelange nie.

Ons stem saam dat daar sulke neigings onder ons is soos wat mnr. Potgieter beweer het in sy brief. Hoewel sy voorbeelde miskien algemeen was, kon elkeen met gesonde verstand besef wie en wat bedoel is . . . daar sal immers altyd persone wees wat nie uit beginseloorweging na die Puk kom nie!

In baie gevalle — ons stel dit duidelik in baie gevalle — kom die liberalistiese tendens juis uit bogenoemde. Mnr. Potgieter het juis opgewek om te waak teen hierdie neigings — dat dit nie die beginsel wat ons sal vrywaar nie maar die uitlewing daarvan.

Maar in mnr. de Villiers se brief — dat daar waarheidsmomente in is, val nie te betwyfel nie — kry ons nie veel meer as afbreking van die positiewe nie. . So word daar veralgemeen deur 'n groep mense te veroordeel weens die misstap van 'n enkeling. Net soos die regstudente nie beskou kan word as deur die bank liberaal nie as een van hulle hom vergryp aan drank of een dikwels met 'n kortbroek gaan sleep nie, so kan ook die tokkelokke as groep nie desgelyks deur die misstap van een veroordeel word nie.

Inderdaad staan die tokkelokke in 'n besondere posisie hier op die Puk, dit is heeltemal duidelik, maar te dikwels word hulle op 'n voetstuk geplaas, asof vlekkeloos en tot geen kwaad instaat, asof hulle die enigste is wat 'n beginsel moet uitlewe. Hierdie beginseluitlewing geld vir elke gelowige, staande in die amp van profeet, priester en koning — hetsy B.Sc. studente, aptekerstudente of watter groep ookal. As daar misstappe in hulle geledere voorkom, is dit net so te veroordeel. Blykbaar is skrywer van genoemde brief nie op hoogte met die plig van 'n gelowige nie as hy i.p.v. te vermaan in persoonlike gesprek, op hoorsê 'n man uitkryt vir 'n hipokriet in 'n algemene studenteblad. Ons kan nie anders as tot die konklusie kom dat weens 'n gebrek aan fundamentele kennis hierdie Christelike beginsel blykbaar nog nie by genoemde skrywer inslag gevind het nie . . . of is hy moontlik nie hiervan bewus nie.

Waar vroeër in hierdie brief van groepe gepraat is, word bedoel groepe wat deur hulle gemeenskaplike akademiese arbeid met mekaar in kontak kom en as sulks onderskei word. Ongelukkig egter word hierdie groepe ook verabsoluteer en die belange daarvan in die studentelewe word dikwels gesoek ten koste van ander en dit skaad die uitlewing van 'n beginsel.

Hierdie enge provinsialisme is niks anders as 'n uitgebreide egoïsme wat God nie tot eer strek nie en nie pas by enige beginselvaste Christen nie. So is dit bv. net so verkeerd en te veroordeel as tokkelokke ter wille van groeps en eiebelang hulle kandidate in die verskillende bestuursliggame wil ,in-organiseer' as wat regstudente ander ter wille van hulle groeps en eiebelang wil „uitorganiseer". Hier moet net die beginsel gesoek word — tot eer van God en nie om die enge menslike eer nie. In die praktyk beteken dit dat enige beginselvaste, bekwame student net soveel kans het as 'n tokkelok om sê maar op die S.R. te kom.

Nou is dit so dat 'n tokkelok 'n lang studie hier aan die Universiteit het en gevolglik baie ondervinding in die studentelewe kan opdoen wat hom beter bekwaam vir daardie poste as bv. iemand wat net 4 jaar hier bly, maar dit is geen rede om so teen hulle te velde te trek nie.

Soos reeds gestel is die saak in genoemde brief uiters negatief benader. Slegs negatiewe kritiek word gelewer. In wese is dit nie kritiek nie want kritiek bevat positiewe en negatiewe elemente asook 'n aanduiding in watter rigting die oplossing vir die bepaalde probleem gesoek moet word. Bogenoemde brief bevat meesal subjektiewe bespiegelinge. Nêrens berus enige argument op 'n bepaalde beginsel wat verdedig word nie, maar die hele trant is die van 'n geprikkelde verergde man.

Die laakbare poging om op kerkistiese gronde tweedrag in die studente te saai met sy aanmerking oor die G.H.O. is benede kritiek. Die C.H.O. agter ons Universiteit se naam leen hom nie tot sodanige doel nie.

Wat die drank betref, word blykbaar nie onderskei tussen gebruik en misbruik nie.

Alles in ag geneem, mnr. die Redakteur, kan ons maar weer net afsluit met die geagte skrywer se eie woorde: Onthou net sommige deur u voorbeelde gedek mag meer regs as u wees.

C. J. H. Venter en
A. G. Schutte,
Heimat,
P.U. vir C.H.O.,
POTCHEFSTROOM.

**OUDITKLERKE.**

Pretoriase Ouditeursfirma het vakatures vanaf begin Januarie 1963 vir studente wat hul wil laat inskryf om opgelei te word as openbare rekenmeester en ouditeur.

**Skrywe om besonderhede aan
Posbus 738,
PRETORIA.**

*Alle korrespondensie oor hierdie aangeleentheid word hiermee beëindig — Red.*

# Is dit Onkunde?

**Geagte Redakteur,**

Vergun my asseblief die ruimte om sekere gedagtes uit te spreek n.a.v. die skrywe van mnr. de Villiers („Die Wapad" 13-6-62). Dat daar sekere waarheidsmomente in genoemde skrywe is, is wel waar en dit betaam ons om daarop ag te gee. Ons moet ons inderdaad ernstig besin oor wat die werklike betekenis van die woorde is en wat ons daarme bedoel wanneer ons met die beskuldiging van liberaal en humanisties kom. Alles wat nie met ons huidige opvatting aan hierdie universiteit ooreenkom nie, hoef nie noodwendig liberaal en humanisties te wees nie. Maar daarteenoor kan ek nie my weg oopsien om alles in die genoemde skrywe sommer net so te aanvaar nie.

Die gewraakte poging van Mnr. Potgieter word nie soseer gekritiseer oor sy inhoud nie, maar slegs as aanknopingspunt gebruik om, waar die S.R.-verkiesings nie te ver in die verskiet lê nie, dit in 'n kerkistiese stryd te laat ontwikkel. Vandaar die feit dat die tokkelokke as sulks so 'n prominente plek in die aanval kry! Ek vra myself af of dit nie die B.Ss. (en ook al die ander) studente se eie skuld is as hulle nie tot lede van besture en daardeur dan ook tot S.R.-lede verkies word nie. Hoe kan die mense ooit verkies word as hulle nie eens genoeg belangstelling aan die dag lê om deur die bywoning van voldoende vergaderings stemreg te verkry nie? Gerieflikheidshalwe word Akademiese bedrywighede as verskoning voorgehou. Daar is op die oomblik slegs sowat sestig (60) tokkelokke, van die eerste- tot die sewendejaars, waarvan minder as die helfte teologiese studente is (net 28). Net soos in die geval van die ander studente het ook nie almal van hulle stemreg nie. Ek laat my dus nie vertel dat die verkose tokkelokke slegs deur mede-tokkelokke verkies word nie! Ook die ander studente moes in die verlede vir hulle gestem het! Maar die verkiesing word mos op so 'n tydstip gehou dat daar 'n heerlike lang naweek is. Baie persone sal dus liewer „vakansie" hou op verkiesingsdag eerder as om die moeite te doen om te kom stem. Die feit dat daar by feitlik geen bestuur se verkiesing 'n kworum aanwesig is nie, bewys dit. Gewoonlik is dit juis diegene wat wegbly wat na die tyd die meeste lawaai opskop oor die verkose lede. Tog gaan hulle nie langs die regte kanale te werk om die verkiesing van sodanige persone te verhoed nie, (d.w.s. om in 'n groot genoeg getal byeen te kom om die ongewenste tokkelokke uit te stem!).

Ek gee Mnr. de Villiers volkome gelyk dat daar seer sekerlik ook baie bekwame persone onder die ander studente is. Dit is egter hulle plig om in die kalklig te kom. Of deins hulle daarvan terug om die verantwoordelikheid te dra wat desnoods op hulle gelê sal word? Hoewel ek nie 'n voorstander daarvan is dat ons oor 'n net-tokkelok-studenteraad beskik nie, is dit tog vir my logies dat die tokkelokke 'n prominente plek daarop sal inneem, (hiermee maak ek nie vir hulle voorbrand nie), as gevolg van die feit dat hulle soveel jare hier bly en dus die geleentheid het om goed vertroud te raak met studente aangeleenthede binne ons eie kring maar ook in ons land en selfs oorsee. Vanweë die aard van hulle latere loopbaan, is die tokkelokke juis mense wat in staat is, en behoort te wees, om leiding te gee.

Vergun my om te antwoord op sekere aantygings teen die tokkelokke. In die eerste plek is dit baie jammer dat die geagte skrywer Pastoor Gerber se herlewingsdienste weer opdiep. (Dit was ook Evangelis Gerber en nie Pastoor Gerber nie. Die pastoor het nie die dienste gehou nie.) Wat egter van die grootste onkunde by die skrywer getuig, is dat hy die optrede hierteen „eienaardig" noem. Wanneer 'n mens ter wille van Gods waarheid sekere bewerings wat slegs deur die Satan geïnspireer kan wees, met gepaste Skrifbewysplase weerlê, kan dit slegs vir 'n persoon wat nie sy verstand gebruik nie, as „eienaardig" voorkom.

Ek wonder so by myself of dit net tokkelok-S.R.-lede is wat hulle „gate uit geniet" met die Kombi. Sover my inligting strek, is dit nie eens die tokkelokke wat beheer het oor die toesegging van die vervoermiddels nie. Dit getuig werklik van die uiterste stompsinnigheid as geklae word dat dit vrolik toegaan op dinees en die blaam dan sumier op die tokkelokke gelê word asof hulle nou skielik die hele S.R. uitmaak! Ek het nie geweet vyfsewendes en die heelgetal *een*, het presies dieselfde waarde en betekenis nie. Dit is voorwaar betreurenswaardig dat vanweë die sg. oortredings van skynbaar enkele tokkelokke, dit as „taai" beskou word om vir tokkelokke (m.a.w. enige tokkelok wat as kandidaat staan) te stem. Hierdie skynbaar pragtig klinkende verskoning hou inderwaarheid nie stand nie.

Die kwessie van die verslapping van beheer oor eerstejaars in koshuise, kan ek nie so stil laat deurgaan nie. Van owerheidsweë is nog glad nie alle beheer oor eerstejaars opgehef nie. Die liewe skepseltjies het dus nog nie in alle opsigte dieselfde vryhede as oudames en -here nie. Hulle moet tog immers eers 'n soort „vakleerlingskap" deurgaan voordat hulle volwaardige senior studente is. Juis in hierdie periode moet hulle die regte leiding kry van oudames en -here om hulle volwaardige P.U. studente te maak wat doelgerig kan voortgaan op die pad wat deur die gees en rigting van ons universiteit van ware P.U.-studente verwag word. Dit is juis in hierdie leiding wat huidige senior studente so ver tekort skiet. Dit is juis die rede waarom daar so 'n liberale gees in ons studentelewe insypel. Eerstejaars word in sommige gevalle selfs aangemoedig om gevestigde gebruike oor boord te gooi. Wanneer 'n persoon van die wal af in die sloot gehelp word, is dit dan nog „slegs Christelik-menslik, redelik, en regverdig?"

Myns insiens is die toppunt van onkunde geopenbaar deur die jammerlike verwarring van „gereformeerd" en „spesifiek Christelike". Met die eerste oogopslag is dit al klaar duidelik dat volgens die skrywer „gereformeerd" nie „Christelik" is nie. Waarom anders dan die verwysing „Die skrywer praat telkens van gereformeerde karakter . . . dog nooit van die spesifiek Christelike nie?" Indien hy sou spreek van „christelik" en „spesifiek gereformeerd", sou hy meer as net die kat se stert beetgehad het. Volgens die Verklarende Afrikaanse Woordeboek behels „gereformeerd" protestants volgens die Calvinistiese beginsels terwyl „christelik" iets tipies van die Christen aandui. Om 'n Christen te wees, beteken dat jy nog enige iets behalwe 'n Calvinis kan wees solank jy net Christosentries gerig is. Die „gereformeerd" wees is dus 'n bepaalderigting binne die Christendom en word daarmee nie 'n enkele kerk aangedui nie! Voorts is „gereformeerd" die grondslag waarop die drie Afrikaanse Kerke hulself stel, in naam altans. Kan Mnr. de Villiers dan nou verwag dat hy hier aan die P.U. vir C.H.O. christelike onderwys sal vind wat bots met die gereformeerde karakter van die Afrikaner soos beliggaam in sy kerk? Die gereformeerde onderwys is dus inderdaad christelike onderwys!

Die sg. „fatale" in die brief van mnr. Potgieter word op 'n ewe fatale wyse deur Mnr. de Villiers geïnterpreteer. Dit is tog baie duidelik dat met ,staande toestande' hier allermins die liberale en humanistiese neiging bedoel word maar wel die „gereformeerde karakter van die Puk'. Ek kan byna nie glo dat 'n man soos Mnr. de Villiers nie so 'n eenvoudige gedagte kan snap nie, of wil hy nie?

Ten slotte wil ek net byvoeg dat die gees onder ons studente inderdaad al hoe meer wegbeweeg van die gees en rigting wat deur ons inrigting voorgestaan word en waarvoor hy reeds buite sy grense bekendheid verwerf het. Dit is inderdaad slegs die gevolg van die feit dat ons die eerstejaar studente nie op die regte wyse as opregte P.U.-kaners inlei nie. Daar heers ook by die meerderheid van die senior studente 'n algehele wanbegrip oor wat ons beginsels in werklikheid behels. Vir ons as studente van die P.U. vir C.H.O. is daar werklik besinning nodig en bowe al moet daar op gepaste wyse sodanige leiding deur ons studenteleiers alhier gegee word as wat nodig is om ons beginsels ten volle uit te leef. Laat alles wat ons doen steeds getoets kan word aan die toetssteen „IN U LIG".

Die uwe,
C. J. J. Putter.

Over-de-Voor.
19-6-62.

## Mnr. DE VILLIERS STEL REG

**Geagte Redaksie,**

Hiermee net enkele opklaringe in sake my vorige brief, nl.:

(1) dat die menings uitgespreek nie uit 'n kerkstryd gespruit het nie, nog een beoog het, nog uit enige agterliggende stuwinge. Mnr. Potgieter het op sy besondere wyse geskrywe, en ek het hom net stirerend op die woord af geantwoord;

(2) dat ons standpunte, hoewel skynbaar verskillend ingeklee, tot 'n sekere mate dieselfde behels — te wete die Calvinisties-Christelike prinsipieel-historiese ingesteldheid van die P.U., die feit dat baie van die studente lou staan in die feitlike uitlewing daarvan asook dat daar wel linkse oriënteringe bestaan;

(3) dat mnr. Potgieter deur sy een besondere voorbeeld die implikasie geskep het dat alle organiseringe teen tokkelokke (veralgemening) links is, waarop ek toe probeer aantoon het dat sommige organiseringe teen individu-tokkelokke nie noodwendig links is nie. Hierdeur het die naam van die tokkelokke oor die algemeen onbewustelik in die gedrang gekom, en daar dit geensins die bedoeling was nie, word opregte verskoning aangebied. Toegegee, kon ek dit meer pertinent beklemtoon het dat ek nie noodwendig die betrokke opvattinge t.o.v. individu-tokkelokke huldig nie, asook dat daar nie ingestaan kan word vir die waarheid van elk nie — daar is slegs gestel dat sommige persone om sodanige redes mag organiseer teen individu-tokkelokke, en dat hulle dan nie noodwendig links is nie.

F. A. de Villiers.

# Gimnaste onderneem eerste toer

**Die P.U. Amateur Gimnastiekklub onderneem gedurende die komende wintervakansie sy eerste toer deur dele van Transvaal, Vrystaat en Natal.**

Mnr. Wynand Putter en mej. Gerda Bester van die Departement Liggaamlike Opvoeding is die reisouers, terwyl mnr. Gert Scholtz as Studenteraadsverteenwoordiger sal optree.

Die toerprogram dek meer as drie-en-twintig vertonings in negentien dorpe.

Die uitblinkers onder die dames is die twee dosente, mejj. Winny Bekker en Gerda Bester, albei Noord-Transvaalkampioene. Die moderne ritmiese danse wat individueel en in groepe uitgevoer word, behoort groot byval te vind onder die fynproewers van gimnastiek. Die sierlikheid van liggaamsbeweging bekoor elke toeskouer wat dit kan waardeer.

Die standaard van die mansgimnaste is hoog. Wynand Putter, koning op die rekstang en brug, Frik Buys, Nico Roos, Jorrie Jordaan en Dawid de Lange behoort die gehore mee te voer met hulle waaghalsige gimnastiese toertjies op die apparaat en trampolien.

### KAMPIOENE

Hierdie mansspan het so pas die Noord-Transvaal ligakampioenskappe ingeoes, 'n feit wat die hoë gehalte gimnastiek wat die toer gaan oplewer, beklemtoon.

Die span bestaan uit die volgende lede: mejj. W. Bekker, G. Bester, N. Smith, A. Kruger, E. Jonker, S. de Beer, A. Cronje, W. Wolmarans, P. Koole, H. van der Walt, L. Jacobs, C. Roets en S. Fourie.

Mnrr. W. Putter, N. Roos, J. Jordaan, F. Buys, G. Scholtz, T. van der Walt, K. van Rensburg, W. Frey, D. de Lange, A. Hitge en W. J. Sauerman.



Foto: *Fotokuns.*

Die Gimnastiektoerspan wat vanjaar hulle eerste toer onderneem.

# *Dawie du Plessis vaar puik in W.T.-Kampioenskappe*

**Dawie du Plessis, veteraan-tenniskampioen van die Puk, het uitstekend gevaar in die Wes-Transvaalkampioenskappe wat tans nog op Klerksdorp beslis word.**

Twee weke gelede het hy daarin geslaag om sy sterkste teenstander in die kompetisie, Andrew Makkink, uit te skakel in 'n spannende wedstryd, en



Dawie du Plessis

verlede Saterdag het hy Rudman geklop om deur te dring na die finaal waarin hy kragte sal meet met Llewellyn.

Du Plessis behoort geen moeite te ondervind om hierdie kampioenskap te buit nie — 'n prestasie wat 'n pragtige kroon sal wees op 'n lang en puik tennisloopbaan in Wes-Transvaaltennis wat die einde van hierdie jaar beëindig word wanneer Dawie sy studies voltooi.

In die gemengde dubbelspel het Du Plessis saam met mev. Joan van Rooy deurgedring na die halfeindronde en in die mansdubbelspel saam met Jackie Brevis na die eindronde. In albei gevalle is hulle egter uitgeskakel.

### JONG SPELER

Willem Vorster en sy maat het in die kwarteindronde van die mansdubbelspel goeie tennis gespeel. Hulle moes egter die knie buig voor die gunstelinge in hierdie afdeling, Fred Rudman en Andrew Makkink.

Vorster het uitmuntende tennis gespeel en hierdie jong speler gaan nog baie gesien word in toekomstige wedstryde. Dit sal nie verbaas as hy eersdaags verkies word om sy provinsie te verteenwoordig nie.

**Rugby ruk reg.**

# *Eerstes wen weer met reuse eindpoging*

**Nadat die eerstespan bewys het dat hulle die stamina vir 'n eindpoging besit, het hulle dit Saterdag weer in werking gestel en Klerksdorp wat vir die grootste gedeelte van die wedstryd met 6 — 0 voorgeloop het, met 8 punte teenoor ses die loef afgesteek.**

Die Puk wat met tye (dit word nou amper tradisie) slegs met dertien man gespeel het weens die beserings van Hoogenboezem en Badenhorst, het soos Spartane geveg en verdien om die oorwinning te behaal.

Die lynstaanwerk van die Pukke was perfek en die vaste voorspelers het vir Herman Venter, wat ver bo sy teenstanders



Herman Venter

uitgetoring het, pragtig ondersteun. Hierdie verbetering het te weeg gebring dat Kobie van der Walt op skrumskakel sy ware kleure kon wys.


### DE WET KRUGER

De Wet Kruger, ou veteraan van menige wedstryd vir die eerstespan, het Saterdag een van die beste wedstryde van sy lewe gespeel. Nie alleen het hy soos 'n rots in die voorry gestaan nie, maar telkens soos 'n agtsteman in die los baljaar.

Hennie Badenhorst, wat reeds in die eerste helfte beseer is, het nadat hy teruggekeer het, hoewel hy in groot pyn verkeer het, sy plek op meesterlike wyse volgestaan en bewys waarom hy vir die Suid-Afrikaanse Universiteite gekies is.

Ten spyte van die ontwrigting na Hoogenboezem se besering, het die agterlyn beter vertoon as die afgelope paar wedstryde en veral Spekkies de Villiers op losskakel en Pieter le Roux op heelagter verdien vermelding.

'n Man wou nou onder die aandag van die Noordelike Universiteite-keurders moet kom, is Johan Serfontein. Hierdie vleuel se veilige hande, uitstekende dekwerk en dodelike verdediging



De Wet Kruger

maak hom 'n sterk aanspraakmaker op insluiting in die span wat eersdaags teen die Leeus moet kragte meet. Piet Bingle val ook in hierdie kategorie, en ek twyfel of daar vandag 'n haker in Wes-Transvaal is wat vir hom kan kers vashou.

### PUNTE

Die Puk se punte is aangeteken deur De Wet Kruger en Serfontein met 'n drie elk, waarvan De Villiers een vervyf het.

Navy en Fires moes albei die knie buig voor hulle Klerksdorp-teenstanders.


BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!

VZ004034/2


# OPE TAFELTENNIS-KAMPIOENSKAPPE SUKSESVOL

**Die P.U. Ope Tafeltenniskampioenskappe wat verlede Saterdag van stapel gestuur is, was 'n groot sukses. Honderd-en-twintig wedstryde is sonder enige haakplek afgehandel.**

In die mansafdeling was daar min verrassings. Die gunsteling, At Oosthuizen van Goldfields, het die mansenkelspel gebuit toe hy Paulsen maklik geklop het in die finaal.

Die damesafdeling het 'n groot verrassing opgelewer toe Marie Naude die gunsteling Lettie Pretorius van Sanlam geklop het.

Die gemengde dubbelspel is gewen deur A. van den Berg en mev. Lettie Pretorius, terwyl At Oosthuizen en Bodenstein die mansdubbelspel ingepalm het.

### PUKKE

Onder die Pukspelers het Nick du Plooy goed gevaar, en veral in die mansdubbelspel 'n puik vertoning saam met Andries van der Walt gelewer.

Faan Oosthuizen het net met rukke sy gewone spel gelewer, maar oor die algemeen teleurgestel.

Minnie Styger het die beste gevaar onder die Puk-dames.